

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederdutch Hervormde Kerk van Afrika



April 2011

Lees binne...

- Is dit die einde van die wêreld? – 1
- Wat gebeur in die Moslemwêreld? – 3
- Om te bid of nie – 3
- Legitimasie 2011 – 5
- Glo is nie meer net glo nie – 6
- 'n Skrywe aan die Staatspresident – 7

Jesus leef en ons met Hom

In hierdie uitgawe

- BI 1 Is dit die einde van die wêreld? (Ds Jaco van Sittert)
- BI 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
Jesus leef! En ons met Hom...
NHSV-kongres
- BI 3 **Aktuele sake**
Wat gebeur in die Moslemwêreld? (Ds Chris le Roux)
Om te bid of nie (Ds Marius Bacon)
- BI 4 **Kerkwêreld**
Sáám na Christus (Biskop Horst Müller)
MRCC in Stilfontein
- BI 5 **Kerkwerf**
Legitimasie 2011
Ringsvergaderings 2011
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
Glo is nie meer net glo nie (Ds Rudi Schoeman)
Besluit oor die beswaarskrif
'n Skrywe aan die Staatspresident
VTT 2011
- Agterblad **Oordenking**
Hoop ten spyte van... (Ds Willie Strydom)

Jesus leef! En ons met Hom...

Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, skryf: Die beelde van die aardbewing en tsoenami wat dele van Japan getref het, laat 'n mens besef hoe nietig ons is en hoe skielik alles hier tot 'n einde kan kom. Dit plaas sake wat op die oomblik op die Kerk se agenda is, in 'n nuwe perspektief.

Jesus Christus se opstanding uit die dood het nog altyd die kern van die kerk se belydenis uitgemaak. Daarsonder sou die kerk se boodskap in die wêreld leeg en oppervlakkig gewees het. Jesus het opgestaan uit die dood, en ons as kerk het die voorreg om hierdie goeie nuus aan die wêreld te verkondig. In tye soos hierdie waar natuurrampe mense ontredder laat, is dit ons enigste troos dat hierdie lewe en aarde nie al is wat daar is nie.

Die Bybel is vol voorbeelde van mense wat in oomblikke van nood met God praat. Hiervan is Jesus se gebed in die tuin van Getsemane sekerlik die grootste. Watter sin het ons geloof in God dan as ons nie ons nood voor Hom kan uitstort nie? Dit getuig tog van vertroue op iemand wat groter en meer as ons mense is. Gebed is soos om met 'n vriend te praat. Dit help jou om jou situasie in perspektief te plaas en om te ontlaai. Jesus is immers ons beste Vriend. Die uitdaging vir ons is om regtig ons harte voor God oop te maak, om Hom te vertrou met dit wat binne ons aangaan. Dan sal ons dalk verras wees om weer te ontdek dat gebed tog werk.

Wat maak dit saak of apartheid teologies verdedigbaar was of nie? Is dit nie maar net 'n politieke bestel wat gekom het en gegaan het nie? Wat maak dit op die ou einde saak of ons deel is van ekumeniese liggame of nie? Dit is mos maar net tydelike strukture. Nou bestee ons ure aan debatte daaroor, ons skryf briewe, hou vergaderings en bespreek dit oor en oor. Wat bly oor as hierdie wêreld uiteindelik verby is? Dit gaan tog daaroor dat ons almal saam met Jesus sal lewe tot in ewigheid. Die rots waarop ons ons vastigheid in hierdie lewe vind, is Petrus se belydenis: *U is die Christus, die Seun van die lewende God* (Matt 16: 16). Al ons sandkastele sal uiteindelik in duie stort, maar hierdie Rots sal nie deur die magte van die dood oorweldig word nie.

Geseënde Paasfees!

Aktuele sake

Ds Chris le Roux skryf oor die **huidige woelinge in die Moslemwêreld**. Eers was daar die opstande in Tunisië wat daarop uitgeloop het dat president Ben-Ali halsoor kop op die vlug moes slaan. Sedertdien was daar betogings in verskeie Arabiese lande. Versigtige protes in Marokko, Algerië en Jordanië, terwyl Egipte en Jemen die ergste onluste in hul geskiedenis beleef. In 'n onlangse artikel in *Rapport* vra Leopold Scholtz of ons besig is om die Islamitiese ekwivalent van die val van die Berlynse Muur te beleef.

Is die inwoners van daardie lande dus besig om geduld te verloor met die diktature wat oor hulle heers? 'n Tweede faktor is ekonomiese werklikhede. Diktators wat in weelde leef terwyl armoede en werkloosheid onder die mense, veral onder jongmense, toeneem. Maar, indien die huidige regerings omver gewerp is, wat dan? Dit is belangrik, aangesien dit lyk of Moslem fundamentalisme veld wen in hierdie omstandighede. Gaan die mag dus oorgeneem word deur demokrate of deur fundamentaliste?

Ds Marius Bacon lewer repliek op 'n **predikant se stelling dat gebed nie werk nie**. Die betrokke dominee beweer dat hy by die Bybel en die belydenisskrifte bly, en meen sy nuwe teïstiese beskouing is gewild onder die jong geslag. Ons kan wel vir hom dankie sê vir die uitspraak, want soos gewoonlik het dit 'n klomp mense in beweging gebring. Ons eie Kerk se deelname aan die jaarlikse Bybelvasvra wat handel oor Matteus 1-7 en die Onse Vader behoort na dese ook baie meer deurdag te wees.

In Matteus 7: 7 sê Jesus: *Vra, en vir julle sal gegee word...* Hierdie gedeelte het mense al die soetsappigste getuïenisse laat lewer oor hoe God net reg staan om in elke gril en gier van mense te voorsien. Mense sinspeel dikwels op die gewaarborgde uitkoms van gebed. Hieroor is die betrokke dominee reg as hy sê dat hy al die verkeerde uitkoms van sulke gebede gesien het.

Maar dit baat om te onthou dat God nie deur my wel en wee bewys word nie. Dit wat ek ervaar, is ook nie die klinkklare bewys van wat waarheid is of nie. Om te wil weet wat ons oor gebed kan sê, moet ons na die enigste bron toe gaan, en dit is die Bybel. En in die Bybel vind ons die wonderlikste en mees uiteenlopende getuïenisse oor gebede.

Die Bybel vertel van kinderlose egpare wie se gebede verhoor is en van dankliedere wat in die vorm van gebede tot God gerig word. Die Bybel vertel van gebede wat deur God verhoor is en gebede waar God anders besluit het, soos toe Jesus gebid het: *Laat hierdie lydenskoper tog by My verbygaan!* Die Bybel vertel ons dat God ons Vader is en dat ons sekere dinge van Hom mag vra, soos vergifnis, daaglikse brood en die uitbreiding van sy koninkryk. Die Bybel leer ons dat ons van God mag vra om ons te beskerm en te bewaar van alle onheil en selfs ook van ons sondige begeertes. Die Bybel leer ons om te bid vir God se seën en liefde in ons lewe, en dat ons vir ons vyande moet bid.

Die Bybel leer ons dat lang en indrukwekkende gebede onnodig is, omdat God alreeds weet wat ons nodig het. God troos ons dat wanneer ons voel dat ons teen die plafon vas bid en ons nie meer weet wat om te sê nie, sal die Heilige Gees vir ons by God intree met versugtinge wat nie in woorde gesê word nie. Of God vir my gebede luister, word in Matteus 7: 11 geantwoord: *As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?*

Besluit oor die beswaarskrif

'n Komitee wat 'n groep beswaarde lidmate verteenwoordig, het op 22 November 2010 'n beswaarskrif oor die aanvaarding van Beskrywingspunt 54 van die 69ste Algemene Kerkvergadering (AKV) met die opskrif *Verwerping van apartheid* by die Kommissie van die AKV ingedien. Hulle het met die Moderamen in gesprek getree nadat hulle opgeroep is vir 'n gesprek wat deur bykans al die Kommissielede bygewoon is. Hoewel die beswaarskrif by dié geleentheid deur die Komitee op die tafel geplaas is, is dit nie bespreek nie.

Die uitvoerige beswaarskrif stel in hoofsaak dat die besluit van die AKV ongeldig was en dat leerverskille daarin vervat is. Die Kommissie van die AKV (die Kommissie) en die lede van die Kommissie individueel, het die meriete van die beswaarskrif deeglik bestudeer en oorweeg.

Op 28 Januarie 2011 het die Kommissie 'n buitengewone vergadering belê waar verdere aandag aan die beswaar en die proses wat gevolg behoort te word, gegee is. Die Kommissie het na hierdie vergadering 'n herderlike skrywe aan al die gemeentes van die Kerk gestuur om hulle van die beswaar in te lig en oor hoe die Kommissie die saak verder gaan hanteer.

Die Kommissie was ook bereid om verteenwoordigers van die beswaarmakers op 18 Februarie 2011 te woord te staan oor die proses, maar die beswaardes het aangedui dat hulle so 'n gesprek nie nodig ag nie, aangesien die proses al reeds in die Kerk bekendgestel was en daar nie nuwe inligting uit die gesprek sou voortkom nie.

Die Kommissie het, soos die Kerkorde daarvoor voorsiening maak, die advies van verskeie deskundiges oor die saak ingewin. Die meerderheid- en die minderheidstandpunte wat ontvang is, is oorweeg. Die oorweldigende meerderheid van die deskundiges stem nie saam met die wese van die beswaardes se argumente nie, maar almal is dit eens dat hier belangrike teologiese aangeleenthede is wat dalk verdere debat vereis.

Die Kommissie het die beswaar volledig bespreek en verskeie standpunte is uitgespreek tydens 'n werkwinkel op 4 en 5 Maart 2011. Daarna is die beswaarskrif weer eens in debat geneem op 10 en 11 Maart 2011 tydens die Kommissie se geskeduleerde vergadering. Daar is by hierdie geleentheid weer met die Komitee van die beswaardes gesprek gevoer, en hulle het die geleentheid gehad om hulle saak te verduidelik. Dit is egter nie verder met hulle bespreek nie.

BESLUIT

1. Die beswaardes het die Kommissie van die AKV nie daarvan oortuig dat Besluit 54 *ultra vires* is nie.
2. Besluit 54 van die 69ste AKV word gehandhaaf.
3. As gevolg van die kompleksiteit van leerstellige sake in die beswaarskrif, hanteer die Kommissie van die AKV dit volgens Ordinansie 1.2 van die Kerkorde en lê dit aan die 70ste AKV voor vir besluit.
4. Die Kommissie van die AKV onderneem om die gesprek met die WCRC voort te sit oor die historiese verloop sedert 1982, die *Status Confessionis* en die Kerk se uitsprake oor die teologie van die WARC.
5. Die Kommissie van die AKV spreek sy kommer uit oor die toenemende polarisasie in die Kerk. Die Kommissie versoek alle groepe in die Kerk om 'n gesindheid van versoening, nederigheid en wedersydse vertroue in mekaar voorop te stel sodat die verskillende standpunte gerespekteer word.
6. Die Kommissie van die AKV sal self verdere debat oor die diversiteit van menings en teologiese standpunte stimuleer.

'n Skrywe aan die Staatspresident

Gedurende Maart 2011 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n skrywe gestuur aan mnr Jacob Zuma, Staatspresident. Ons plaas hier 'n Afrikaanse weergawe daarvan.

Ek groet u namens die Kommissie van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die Naam van ons Here, Jesus Christus.

Vanweë sy Bybels-Reformatoriese tradisie respekteer die Nederduitsch Hervormde Kerk die gesag van die staat. Ons glo ook dat die Kerk vir die regering voorbidding moet doen. Daarom versoek ons ons predikante en lidmate om die regering voortdurend in hul gebede aan God op te dra vir wysheid, leiding en bekering.

Ons is dankbaar dat die regering dit vir die Kerk moontlik maak om sonder vervolging, inmenging of voorskrif in Suid-Afrika te werk. Ons is ook dankbaar vir die regering se bystand in die vorm van subsidies wat die Kerk in staat stel om met bepaalde welsynswerk voort te gaan.

Nogtans het die Nederduitsch Hervormde Kerk sy Algemene Kerkkommissie gedurende die onlangse Algemene Kerkvergadering versoek om u aandag op die volgende te vestig:

Die Nederduitsch Hervormde Kerk wil graag sy kommer en onrus uitspreek oor die misdaad wat oënskynlik buite beheer voortwoed in Suid-Afrika. Die wrede moord op boere, maar ook op alle burgers, is onaanvaarbaar. Sulke aanvalle en die voortdurende misdaad bring vrees en onsekerheid. Ons versoek dat u dringend en met beslistheid teen misdaad en korrupsie optree. Die Kerk verseker u dat hy elke poging van die Suid-Afrikaanse Polisiediens om die situasie te beredder, ondersteun.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk moet sy lidmate se vrese oor die voortdurende uitsprake rakende die onteiening van eiendom aan u oordra. Dit veroorsaak diepe kommer by ons lidmate, waarvan talle boere is. Ons oordeel dat sulke onverantwoordelike uitsprake die stabiliteit van ons land kan bedreig, en dat dit boonop kan lei tot onsekerheid oor die beskikbaarheid van voedsel. Die Kerk se lidmate wil meewerk aan die positiewe opbou van ons land, en wil dit doen sonder belemmering.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk wil ook graag in hierdie verkiesingsjaar versoek dat u uself duidelik moet distansieer van persone en groepe wat opruiende liedere sing. Sulke liedere lei tot polarisasie en verdeeldheid tussen die volkere van ons land.

Die Algemene Kerkkommissie wil graag hierdie en ander sake persoonlik met u bespreek wanneer dit vir u geleë is.

Wees verseker van die Algemene Kerkkommissie se voortgaande voorbidding vir u.